## VAN STAMVERWANTE BODEM

Byna twintig jaar nadat die eerste IJzertoring, die indrukwekkende monument ter nagedagtenis aan die Vlaamse frontstryders van die Eerste Wêreldoorlog, opgeblaas is, is op 22 Augustus 1965 die voltooide nuwe IJzertoring naby Diksmuide ingewy. 'n Beskrywing van die 38ste IJzerbedevaart kom voor in *Neerlandia* (jg. 69, Sept. 1965), die orgaan van die A.N.V., waarin o.m.. ook K. Braak se publikasie *Het Krugerhuis te Utrecht en de Krugerherdenking* bespreek is (p. 141) en die aandag op die opening van die universiteit van Port Elizabeth en die besoek van prof.jhr./dr. P. J. van Winter aan die Republiek en sy betekenis vir ons geskiedskrywing kortliks geskets is.

Ons vestig graag die aandag op prof. dr. G. A. Kooy se studie *Een eeuwe boerenleven in Zuidoost Transvaal* wat onlangs in die reeks *Mededelingen van de Landbouwhogeschool Wageningen* (65-7-1965) verskyn het. Hoofsaaklik sosiologies van inslag, is prof. dr. Kooy se studie ook van belang vir die geskiedkundige waar dit o.m. die hoofstukke *De lange weg naar zelfstandig volksbestaan* (2) en *Het boerengezin uit de kolonisatietijd* (9) betref. Soos bekend, het die skrywer sy navorsingswerk in die loop van 1964 ter plase verrig en vorm sy studie 'n belangrike aanvulling van ons kennis aangaande die distrik Ermelo. Met betrekking tot hoofstuk 9 kom die skrywer o.m. tot die volgende gevolgtrekking: „In het oude Ermelose B(b)oerengezin treft men een gezinstype aan, dat nergens in het Europese plattelandsverleden voorkomt. Nooit was het plattelandsgezin in Europa tegelijkertijd zoozeer ruimtelijk geïsoleerd en zozeer ingebed in enig ander groepsverband . . . Slechts bij uitzondering was in Europa de patriarchaliteit zo sterk als hier . . . Het oude Ermelose B(b)oerengezin is uniek, zij het als representant van het Boerengezin, dat na de Grote Trek en vóór de Tweede Vrijheidsoorlog benoorden de Oranje Rivier wordt angetroffen." Dan vervolg skrywer: „Niettegenstaande zijn Afrikaans-zijn vertoont het toch al die kenmerken welke in ook het Westerse gezin binnen een geïsoleerde plattelandssamenleving buiten Europa werden vermoed." Die ondersoek wat prof. dr. Kooy in die Republiek uitgevoer het, vorm 'n deel van 'n groot interkultuur-projek wat o.m. ook in Spanje en Duitsland uitgevoer is; die resultate van die skrywer se navorsing is aan prof. dr. F. R. Kolbe opgedra.

Van die afdeling agrariese geskiedenis van dieselfde Nederlandse universiteit het ons ook 'n eksemplaar van die *A.A.G. Bijdragen* (12, 1965) ontvang waarin die studie *Population changes and economic development in the Netherlands: a historical survey* (deur J. A. Faber, H. K. Roessing, B. H. Slicher van Bath, A. M. van der Woude en H. J. van Xanten) voorkom. Bogenoemde skrywers-navorsers kom o.m. tot die volgende gevolgtrekkings: Gedurende die tydperk 1500-1650 oorheers die demografiese groei in die Nederlande. Dié groei is besonder sterk in die stede en in verskillende plattelandse gebiede. Die tydperk 1650-1750 is gekenmerk deur stilstand en agteruitgang in die stede en dié landelike gebiede wat betrokke is by die handel en skeepvaart, sekere nywerhede en die veeteelt. In ander gebiede is daar 'n merkbare groei. Die ekonomiese bedrywighede was voldoende om werk te verskaf aan 'n groeiende bevolking (p. 108). Die bevolkingsgroei van die Nederlande is op die volgende wyse voorgestel: 1500 — 0.9 tot 1 miljoen; 1550 — 1.2 tot 1.3 miljoen; 1600 — 1.4 tot 1.6 miljoen; 1650 — 1.85 tot 1.9 miljoen; 1700 — 1.85 tot 1.95 miljoen; 1750 — 1.9 tot 1.95 miljoen; 1795 — 2.078 miljoen; 1850 — 3.057 miljoen; 1900 — 5.104 miljoen; 1950 — 10.200 miljoen. Die gegewens aangaande die tydperk voor 1795 moet, aldus die skrywers, met 'n sekere mate van voorbehoud aanvaar word. Vergelykenderwys kan vermeld word dat op 31.12.1964, die bevolking van Nederland 12,212,269 bedra het, m.a.w. 365 per vk.km.

Twee bydraes in die kwartaalbald *Circuit* (nr. 10, 1965) is ongetwyfeld vir ons lesers van belang, t.w. A. Dane se bydrae oor die stad Delft, die stad waar prins Willem van Oranje, die grondlêer van die Oranjehuis en die Nederlandse volk, om die lewe gebring is (1584) en David H. Hofmeijer se skets *Encounters in South Africa* (pp. 11-13).

In die maanblad *'s Gravenhage* (jg. 20, nr. 5, Mei 1965) is 'n oorsig gegee oor die lotgevalle van dié stad tydens die Tweede Wêreldoorlog (gedeeltelike vernieling van die stad, Jodevervolging, verset, die hongerwinter, die Britse bombardement van die Bezuidenhout, die V-2-afskietbane e.d.m.).

Van die Amsterdamse *Rijksmuseum* het die jaarverslag oor 1963 onlangs by die Staatsuitgewery (Den Haag) verskyn. Soos gewoonlik is die verslag weer ryklik geïllustreer (o.m. Delftse erdewerk, 17de eeuse armstoel, 'n Rembrandtskildery wat na die oorlog in Engeland ontdek is). Tydens die boekjaar onder bespreking, is die *Rijksmuseum* deur 617,888 (1962: 580,839) persone besoek.

*Franse Figuren* is die titel van 'n bundel sketse wat in die loop van die jare van die hand van prof. dr. P. Geyl verskyn en deur die uitgewery Wereld-Bibliotheek (Amsterdam) gebundel is (W.B.P. 128). Ons noem die volgende opstelle: Voltaire en die geskiedenis; Rousseau en die totalitêre demokrasie; Napoleon op St. Helena; Michelet en die Franse Rewolusie; die Dreyfussaak; Die val van Frankryk (Junie 1940); Pétain en die Pétinisme; De Gaulle, die man wat Frankryk was. Hierdie publikasie dek 'n wydverspreide veld en die inhoud is gedeeltelik gebaseer op boekbesprekings oor die genoemde onderwerpe waaraan skrywer sy eie opvattings verbind het.

Ten slotte vestig ons die aandag op die *Nederlandse Jeugdbond ter bestudering van de geschiedenis*, 'n organisasie wat in 1958 sy verskyning gemaak het en bedoel is om onder jongeres die belangstelling vir en die ondersoek van die geskiedenis in al sy verskyningsvorms te bevorder. Die N.J.B.G. reël werkkampe waar kennis gemaak word met argeologiese werksaamhede, reël studiereise, hou kongresse, gee die tydskryf *Fibula* uit en bewerkstellig saam met 'n uitgewer die sogenoemde *Fibulareeks* van geskiedkundige publikasies. Tewens word elke drie jaar 'n prys van R200 beskikbaar gestel vir 'n oorspronklike en onuitgegewe studie van 'n skrywer onder 35 jaar oud wat 'n Nederlandse historiese onderwerp op 'n bevatlike wyse vir die belangstellende leek, maar veral vir die jeug, behandel.

Dr. J. Ploeger.